NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2023

GESKIEDENIS: VRAESTEL I

NASIENRIGLYNE

Tyd: 2 uur 100 punte

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende vertolkings mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.

IEB Copyright © 2023

AFDELING A BEREDENEERDE OPSTEL

Beantwoord **EEN** vraag uit hierdie afdeling.

Skryf 'n beredeneerde opstel wat bewys lewer van ontleding, interpretasie, verduideliking en argumentering. Dit moet ongeveer 800 tot 900 woorde lank wees.

VRAAG 1

"Die VSA het kommunisme suksesvol in bedwang gehou met sy na-oorlogse ekonomiese en militêre beleid."

Bespreek bogenoemde stelling met verwysing na gebeure in Europa tussen 1945 en 1949.

Argument:

Kandidate moet vasstel of die VSA suksesvol was om kommunisme te bekamp op grond van sy ekonomiese en militêre optrede tussen 1945 en 1949. Kandidate kan argumenteer dat die VSA suksesvol was, in 'n mate suksesvol, of glad nie suksesvol nie.

Konteks:

- Teheran-konferensie 1943 – kompromieë oor na-oorlogse Europa – Duitsland/gebiede wat deur Geallieerde Magte beset is – lei tot verdeeldheid en spanning tussen die "Groot Drie".
- Nazi-nederlaag teen Mei 1945 – USSR beset die grootste deel van Oos-Europa – ondersteuning van kommunistiese partye – lei tot burgeroorlog, d.w.s. Griekeland (en Turkye) – wettige regerings kompromitteer.
- "Lang Telegram" 1946 deur George Kennan aan die Staatsdepartement – argumenteer vir die inperking van die USSR, rakende kommunisme deur die Verenigde State.

Inhoud:

- **Yalta-konferensie (Feb 1945)**
  - Ooreenkomste en kompromieë oor die verdeling van Europa, gebaseer op grond-gebied wat deur die Geallieerde Magte beset is, dit wil sê Rooi Leër in die ooste en Westerse Geallieerdes in die weste.
  - Duitsland en Berlyn is in "besettingsones" verdeel – *kommunisme is dus suksesvol beperk, aangesien dit nie na Wes-Europa uitbrei nie*.
  - Sowjette stem in tot verkiesings in Oos-Europese state – geleidelike oorname en skepping van satellietstate tussen 1945 en 1948 – *argumenteer teen die sukses van die Verenigde State, aangesien die nuutverkose regerings kommunisties is*.

- **Potsdam-konferensie (Jul/Aug 1945)**
  - Bevestig Rooi Leër beheer.
  - Kommunistiese regering geskep in Pole – *kommunisme dus nie beperk nie*.
  - Atoombom wat deur die Verenigde State op Japan gegooi is – *Stalin nie ingelig nie, maar dit verhoed moontlik verdere uitbreiding van kommunisme deur die Sowjetunie*.
  - Westerse Geallieerdes verbied herstelwerk in Duitsland deur Sowjetunie – Stalin beveel die voortsetting – fabrieke afgebreek – ingenieurs ens. ontvoer – inperking-sukses bevraagteken

- **Truman-leer (1947)**
  - Burgeroorlog in Griekeland (en Turkye) – tussen kommunistiese aanhangers en wettige regerings.
  - Verenigde State belowe finansiële hulp/militêre toerusting en advies aan die Griekse en Turkse regerings – *kommunistiese magte verslaan – kommunisme suksesvol in Oos-Europa beperk*.

IEB Copyright © 2023

- **Marshallplan (1948)**
  - Verenigde State belowe ekonomiese hulp aan Europa om ekonomieë te herbou en die lewenstandaard te verbeter – vernietig toestande vir kommunisme om wortel te skiet.
  - US$17 miljard gegee – eweredig toegewys aan die lande wat dit aanvaar – Stalin verbied satellietstate om te aanvaar.
  - *Ekonomiese herstel suksesvol – kommunisme brei nie na Wes-Europa uit nie en word dus beperk.*

- **Berlynse Blokkade/Lugbrug (1948/49)**
  - Stalin blokkeer land-/rivierroetes na Wes-Berlyn – poog om die Geallieerdes uit te dryf en beheer oor Berlyn en moontlik na die weste uit te brei.
  - Verenigde State kom voor opsies te staan, dit wil sê aanval/onttrek/diplomasie, maar besluit op 'n lugbrug om Wes-Berlyn te voorsien – *Stalin sonder 'n teenvoeter gelaat*.
  - *Verskaffing van voedsel/brandstof/hulpbronne aan die Westelike Sone is suksesvol, dus brei kommunisme nie uit nie en word beperk.*
    Lei tot die permanente verdeling van Berlyn en die skepping van twee onafhanklike Duitslande, d.w.s die Duitse Bondsrepubliek en die Demokratiese Republiek van Duitsland – Wes-Europa bly veilig.

- **Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie (1949)**
  - Stalin se optrede met betrekking tot Berlyn lei tot begeerte om Wes-Europa teen toekomstige aggressie deur die Sowjetunie te beskerm – lei tot die totstandkoming van NAVO.
  - Defensiewe alliansie geskep – oorheers deur die Verenigde State.
  - *Wes-Europa, met militêre teenwoordigheid van die Verenigde State, is in staat om kommunisme te beperk en verdere aggressie deur die Sowjetunie te voorkom.*

OF

VRAAG 2

"Swart Bewussyn was die uitsluitlike oorsaak van die Soweto-opstand in 1976."

Bespreek bogenoemde stelling met verwysing na gebeure in Suid-Afrika in die 1970's.

Argument:
Kandidate moet die oorsake van die Soweto-opstand bevraagteken in die lig van Swart Bewussyn: óf dat dit 'n enigste oorsaak was en dat geen ander faktore in werking getree het nie; óf dat Swart Bewussyn een van vele oorsake was. Kandidate kan ook alle faktore se oorsprong aan Swart Bewussyn koppel.

Konteks:
- Swart politieke organisasies teen 1960 verbied – leierskap hoofsaaklik sedert 1964 gevange geneem – "Stil Sestigs".
- Samewerking in die apartheidstaat tussen wetgewers/wetstoepassing en regstelsel vernietig interne weerstand effektief in die 1960's/vroeë 1970's.
- Suid-Afrikaanse situasie gekant teen globale veranderinge – Amerikaanse burgerregteveldtog lei tot wetgewende sukses – Swartmagbeweging verander houdings – Afrikastate word onafhanklik en/of bevrydingsbewegings gaan voort om koloniale magte te beveg.

IEB Copyright © 2023

Inhoud:

- **Opkoms van Swart Bewussynsbeweging**
  - Steve Biko – mediese student – beïnvloed deur Afro-Amerikaanse leiers en gebeure in die Verenigde State – breek weg van die wit-gedomineerde Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente (NUSAS) – stig die Suid-Afrikaanse Studente-organisasie (SASO) in 1968.
  - Ontwikkeling van nuwe bewussyn vir swart Suid-Afrikaners.
    - Verhoog swart selfrespek en selfvertroue.
    - Bevorder swart identiteit/kultuur/geskiedenis.
    - Distansieer van wit liberale en veelrassige organisasies.
    - Bevorder swart eenheid en mobilisering teen apartheidstaat.
  - Stigting van Suid-Afrikaanse Studentebeweging (SASM), en Swart Bewussyns-beweging groei sedert 1973.
  - Swart Bewussynsbeweging-gekoppelde organisasies verbind met swart skoliere en onderwysers – *beïnvloed deur die idees van* Swart Bewussynsbeweging – *lei tot mobilisering van skoolleerlinge – veral in Soweto deur studenterade – skoolleerlinge is vroeg in die 1970's aan die voorpunt van protes*.
- **Burgerregtebeweging en Swartmagbeweging in die VSA**
  - In die Verenigde State in 1960's en vroeë 1970's.
  - Lei tot wetgewende veranderings in 1960's deur Burgerregtebeweging.
  - Burgerregtebeweging verander houdings van Afro-Amerikaners, naamlik Black Pride en bevorder swart identiteit/kultuur/geskiedenis – *motiveer denke van Burgerregte-beweging en swart Suid-Afrikaners – sukses van Black Power in VSA motiveer swart Suid-Afrikaners.*
- **Werker militantheid**
  - 1973-dokwerkerstaking in Durban – gevolg van voortgesette gebrek aan werkersregte en ekonomiese impak van olie-boikot – beïnvloed die opkoms van wydverspreide werkersopstande en militantheid – *meer aktiewe protes teen apartheidstaat is duidelik – dra by tot die algemene toename van weerstand op voetsoolvlak oor voortgesette onderdrukking*.
- **Afrika bevrydingsbewegings**
  - Die meeste kolonies onafhanklik teen die laat 1960's – Portugal klou vas aan Angola en Mosambiek – lei tot opkoms van bevrydingsbewegings in hierdie kolonies en oorlog in die vroeë 1970's – bevrydingsbewegings suksesvol – Angola en Mosambiek word in 1975 onafhanklik – *optrede teen Portugal inspireer protes teen die apartheidstaat en groei van interne weerstand – moedig Suid-Afrikaners aan.*
- **"Brood-en-botter kwessies"**
  - Swart Suid-Afrikaners steeds onderhewig aan streng wette van apartheidstaat – voortgesette onderdrukking – gebrek aan voldoende behuising – hoë werkloosheid – impak van Bantoe-onderwys – *jeug van vroeë 1970's geïnspireer om verandering van daaglikse lewens te beïnvloed – Junie-protes beïnvloed deur volgehoue onderdrukking deur apartheidstaat.*
- **Bantoe-onderwys**
  - Voortgesette impak van Bantoe Onderwys op swart Suid-Afrikaners.
  - Swak toegeruste skole – personeeltekorte –leerplanne verwring om swart arbeid aan die ekonomie te verskaf – *woede en afsku teen die Bantoe-onderwysstelsel deur skoolleerlinge.*
- **Afrikaans as onderrigmedium**
  - In 1976 kondig die regering die implementering van Afrikaans as medium van onderrig in swart skole aan.
  - Studente en onderwysers wat hulle daarteen uitspreek, word aangehou – polisie- en weermagteenwoordigheid in townships neem toe in afwagting tot protes – Aksiekomitee gestig tydens SASM-vergadering – later die SSRC – *mobiliseer studente vir 16 Junie 1976.*

OF

VRAAG 3

"Terwyl die VSA nie daarin kon slaag om die USSR te vernietig nie, het Gorbachev se hervormings wel daarin geslaag."

Bespreek bogenoemde stelling met verwysing na gebeure in die USSR in die 1980's.

Argument:
Kandidate moet bevraagteken of Gorbachev se hervormings, eerder as die optrede van die VSA, daarin geslaag het om die USSR te vernietig. Hulle kan ook argumenteer, sonder om noodwendig te kwantifiseer, dat Amerikaanse optrede én Gorbachev se hervormings albei bygedra het tot die ineenstorting van die USSR.

Konteks:
USSR in laat 1970's:
- Leierskapkrisis – leiers word as oud en uit voeling beskou.
- Bevelsekonomie stort in duie stort weens wanadministrasie/waninligting – kan nie met Westerse kapitalisme meeding nie – impak van alkoholisme en gebrek aan aansporing.
- Wapenwedloop dreineer die Sowjet-ekonomie – druk om met die VSA mee te ding – wapens minder gesofistikeerd en swak onderhou.
- Oorlog in Afghanistan – peperduur – baie ongevalle – verlies aan moraal onder troepe – nie gewild onder burgerlikes nie.

Inhoud:
- **Glasnost**
  - "openlikheid"
    - Laat vryheid van spraak en uitdrukking toe.
    - Kommunistiese beheer van letterkunde, pers, kuns, teater verminder.
    - Regering beheer steeds die pers, maar koerante en tydskrifte kan openlik berig – *Sowjetstaat bevraagteken*.
    - Uitspattighede van Stalin-era en ander gebeurtenisse word met die opening van argiewe blootgelê – ideologiese vrae oor kommunisme geopper.
    - Politieke andersdenkendes en teenstanders van die Sowjetstaat vrygelaat.
  - *Toenemende kritiek van die staat.*
  - *Bevorder die groei van opposisiepolitiek.*
    - Nasionaliste in Sowjetrepublieke agiteer teen Sowjet-"besetting".
    - Aangemoedig deur Pole en "Solidariteit" (1980).
    - Onderdrukte nasionale identiteit met meer oop dialoog oorkom.
    - Verkiesings sien die opkoms van "pro-onafhanklikheid"-kandidate.
    - *Opkoms van nasionalisme in Baltiese Republieke.*
      - Anti-Sowjet-standpunt.
      - "Hande vat met Baltiese lande" (1989).
      - Onafhanklikheid in Maart 1990 verklaar – *begin van verbrokkeling van die Sowjetstaat*
  - Besnoeiing van militêre besteding en kernprogram.
    - *Weste bemoedig om die Sowjetstaat uit te daag.*
    - *Verlies van oorheersing in Oos-Europa deur beëindiging van Brezhnev-leerstelling.*
    - *Groeiende anti-Sowjet-sentiment.*
    - *Verlies aan beheer oor die Oosblok – Kommuniste regoor die Oosblok uitgedaag.*
  - Toenemende verlies aan beheer deur Kommunistiese Party.
    - Verkiesings in Oos-Europa ondermyn Sowjet-invloedsfeer.
    - Berlynse muur val in November 1989.

IEB Copyright © 2023

- **Perestroika**
  - "herstrukturering"
    - Beoog om die Sowjet-ekonomie te herbou en die kommunistiese stelsel te hervorm.
  - Verander die Sowjet-ekonomie van staatsbeheer en sentrale beplanning na een gebaseer op markkragte – ekonomiese uitdagings tydens hierdie oorgang.
    - Privaat besighede toegelaat om te bestaan.
    - Geen prysbeheer nie.
    - Finansiering deur nuut-gestigte banke.
    - Geen staatsubsidies nie.
    - Pryse en lewenskoste styg.
    - *Sowjetburgers kwaad en krities oor die Sowjetstaat.*
  - Buitelandse beleggings aangemoedig.
    - Eksterne invloed ondermyn kommunistiese beheer en denke.
  - Staatsbeheerde ondernemings verkoop.
    - Lei tot die skepping van ryk oligargklas – ondermyn "sosialistiese paradys".
- **Demokratiya**
  - Oproep vir die binnedring van "demokratiese" elemente in die Sowjetunie se enkel-party-regering – probeer om die Kommunistiese Party se beheer te behou.
    - Agt-en-twintigste Partykongres (Julie 1990), die CPSU word deur liberaliste en nasionaliste van die samestellende republieke as anachronisties beskou, en nie in staat is om die land te regeer nie – verlies aan vertroue.
    - CPSU-takke in verskeie van die vyftien Sowjetrepublieke begin verdeel in groot pro-soewereiniteit en pro-unie faksies – wat sentrale partybeheer verder verswak.
  - Boris Yeltsin – leier van die RSSR.
    - *Besef swakheid van sentrale regering* – Gorbachev se toenemende onvermoë om die situasie te beheer.
    - Staatsgreep in Augustus 1991 teen Gorbachev deur militêre offisiere.
    - *Staatsgreep misluk, maar ontbloot CPSU se ineenstorting*.
  - *Leiers van saamgestelde republieke van die USSR ontbind die USSR op 26 Desember 1991* – Statebond van Onafhanklike State kom tot stand.

IEB Copyright © 2023

AFDELING B UITGEBREIDE SKRYFWERK

Beantwoord **EEN** vraag in hierdie afdeling.

Die uitgebreide skryfstuk moet ongeveer 350 tot 400 woorde lank wees. Jy moet jou eie kennis gebruik en jy mag ook na die stimulus verwys om die vrae te beantwoord.

VRAAG 4

Verduidelik, deur die volgende vrae te beantwoord, hoe die Noord-Viëtnamese die Amerikaanse militêre operasies tussen 1964 en 1972 teengestaan het:

(a) Watter gebeure het teen die middel 1960's tot 'n volskaalse konflik tussen die VSA en Noord-Viëtnam gelei?

(b) Met watter optredes het die Noord-Viëtnamese die Amerikaanse militêre operasies tussen 1964 en 1972 teengewerk?

(c) Wat was die impak van die konflik op Viëtnam en Suidoos-Asië teen 1972?

- In 1954 is 'n kommunistiese Noord-Viëtnam en 'n "demokratiese" Suid-Viëtnam geskep – oplossing ná konflik tussen Franse koloniale magte en Viëtnamese magte van Ho Chi Minh en Viët Minh.
  - VSA raak betrokke by Viëtnam na onttrekking van Frankryk na 1954.
  - VSA se kommer oor die wêreldwye verspreiding van kommunisme deur die Sowjetunie wat regerings met finansiële en militêre hulp beïnvloed – veral in Suidoos-Asië – lei tot "Domino-teorie"-strategie.
- Eisenhower- en Kennedy-administrasies raak betrokke by hulp aan Suid-Viëtnam deur "adviseurs", militêre hardeware en finansiële hulp in te stuur – Noord-Viëtnamese leër (ANV) stuur die guerillavegters van Viëtkong na Suid-Viëtnam.
  - Amerikaanse magte neem geleidelik toe in die middel van die 1960's – *guerrilla-oorlogvoering deur Viëtkong teen die regering van Suid-Viëtnam* – Noord-Viëtnam Leër (ARVN) was nie in staat om sonder Amerikaanse bystand te veg nie.
- *Viëtkong skep Ho Chi Minh-voetpad om infiltrasie van Suid-Viëtnam te fasiliteer – word 'n goed ontwikkelde toevoerroete vir kos en wapens aan Viëtkong-bedrywighede.*
  - VSA bou weermagbasisse en verskeep militêre hardeware en troepe daarheen – *skep tonnelstelsels, d.w.s. Cu Chi-tonnels in en om Saigon – Viëtkong in staat om Amerikaanse weermagbasisse binne te dring – tonnelstelsel bestaan uit hoofkwartiere/kasernes/kombuise/ hospitale*.
  - VSA soek-en-vernietig-strategie ontwikkel om Viëtkong-operasies uit te skakel – *Viëtkong-troepe in Suid-Viëtnam deur simpatieke plaaslike kleinboere gehuisves*.
  - Veilige nedersetting-beleid word geskep om Viëtkong te vernietig wat deur plaaslike inwoners voorsien word – *geen effek op Viëtkong-optredes nie – lei tot lewensverlies van Viëtnamese burgerlikes, bv. My Lai-slagting*.
  - Amerikaanse teeninsurgensie-taktiek belemmer – Viëtkong gewoond aan die terrein en klimaat van Viëtnam – *ontwikkel lokvalstrikke in die oerwoud – goed gekamoefleer en versteek deur oerwoud*
- 1967 Golf van Tonkin-voorval lei tot die Golf van Tonkin-resolusie – Amerikaanse Kongres stem vir geld en mag aan Johnson om oorlog te voer – toename in vyandelikhede en troepegetalle – *Tet-offensief in Januarie 1968 van stapel gestuur – Viëtkong loods aanvalle op strategiese teikens in Saigon en Suid Viëtnam* – ontbloot Amerikaanse militêre swakheid.
  - Johnson loods "Operation Rolling Thunder" om *Ho Chi Minh-voetpad* en gebiede van Viëtkong-aktiwiteit te bombardeer – suksesvolle operasie vir Viëtkong, maar met groot lewensverliese.
  - Amerikaanse militêre operasies sluit die gebruik van ontblaringsmiddels "Agent Orange" in – chemiese oorlogvoering het 'n impak op Viëtnamese burgers – lei tot geboortedefekte en verswakte gesondheid.
- Nixon stem in tot uitbreiding van bombardementveldtog na Laos en Kambodja – massiewe lewensverlies – landbougrond vernietig – ekonomiese impak in die 1970's in Viëtnam gevoel.
  - Nixon stem in tot "eervolle vrede" – onttrekking van Amerikaanse troepe teen 1972 na Parys-vredesamesprekings.

IEB Copyright © 2023

OF

VRAAG 5

Verduidelik, deur die volgende vrae te beantwoord, hoe die UDF die apartheidstaat in die 1980's uitgedaag het:

(a) Wat het tot die stigting van die UDF in 1983 gelei?

(b) Wat was die aard van die weerstand wat die UDF teen die apartheidstaat in die 1980's georganiseer het?

(c) Hoe het die apartheidstaat gereageer op die weerstand wat die UDF in die 1980's georganiseer het?

- 'n Hervormingsproses word in die in die laat 1970's begin.
  - Doel is om "hart en verstand" van swart Suid-Afrikaners te wen.
  - Poog om apartheid aanvaarbaar te maak teen nasionale en internasionale kritiek.
  - Hervormings die gevolg van kommissies van ondersoek – afskaffing van paswette/ instromingsbeheer/tuislandvraagstuk/befondsing vir Bantoe-onderwys/herroeping van klein apartheid/verhoogde "nie-blanke" politieke verteenwoordiging – Driekamer-parlement as skakel van hierdie hervormings beskou – anti-apartheidsorganisasies beskou dit as die skep van regeringsmeelopers en 'n vals stelsel van politieke verteenwoordiging.
  - "Hervormings" ondervind toenemende weerstand van baie organisasies.
  - Verhoogde onderdrukking deur polisie/weermag/regstelsel word met protes begroet.
- **United Democratic Front**
  - In 1983 deur eerwaarde Allen Boesak in Kaapstad tot stand gebring – nie-rassige alliansie wat in Mitchell's Plain geloods is – baie aktiviste in Suid-Afrika sluit aan, o.a. Desmond Tutu/Helen Joseph.
  - Ondersteun deur ANC – beginsels gebaseer op dié van die Vryheidshandves.
  - 400+ organisasies (vakbonde/civics/gemeenskaps-/godsdienstige/sport-/sake-groepe) – aantal organisasies ook deel van die UDF – 3 miljoen lede teen 1985.
  - Gestig om boikot van driekamerparlementsverkiesing te bevorder – *Miljoen Hand-tekeninge-veldtog*.
  - Apartheidstaat teengestaan deur huurboikotte/skole-opstande/ wegbly-aksies deur werkers/verbruikersboikotte te organiseer – gebruik plakkate/liedjies/pamflette.
  - Noue samewerking met burgerlikes
    - *Gekonfronteer met aanhoudings en inperkingsbevele – huisarres – teistering deur die owerhede.*
    - *Verraadklagtes vir leierskap – staar twee verraadverhore in die gesig.*
      - *16 aangeklaagdes sluit Albertina Sisulu in – vrygespreek.*
      - *Delmassaak – 19 beskuldigdes – skuldig bevind, maar uitspraak herroep.*
    - *UDF uiteindelik teen 1988 verban.*

OF

IEB Copyright © 2023

VRAAG 6

Verduidelik, deur die volgende vrae te beantwoord, hoe Westerse kapitalistiese organisasies die globale ekonomie begin oorheers het:

(a) Wat is die Westerse kapitalistiese organisasies en hoe oorheers hulle die globale ekonomie?

(b) Watter impak het die Westerse kapitalistiese organisasies wat die globale ekonomie oorheers, op ontwikkelende nasies?

(c) Hoe het BRICS die oorheersing van die Westerse kapitalistiese organisasies wat die globale ekonomie oorheers, uitgedaag?

- Tweede Wêreldoorlog uiters vernietigend vir wêreldekonomieë – globale handel ondermyn – kan nie markte voorsien nie.
  - Atlantiese Handves van 1941 tussen die VSA en Brittanje bevestig die reg van alle nasies op gelyke toegang tot handel en grondstowwe.
  - Behoefte aan handel om aan die einde van die konflik te hervat om te herstel van ekonomiese ontwrigting – gebaseer op die beginsel van "vrye handel".
  - Vermy die vernielsug van die vooroorlogse "proteksionistiese" beleide.
    - Terwyl die Tweede Wêreldoorlog nog woed, kom 730 afgevaardigdes van al 44 geallieerde nasies by die Mount Washington Hotel in Bretton Woods, New Hampshire, Verenigde State, byeen vir die Verenigde Nasies se Monetêre en Finansiële Konferensie, ook bekend as die Bretton Woods-konferensie.
    - Die afgevaardigdes beraadslaag van die 1ste tot die 22ste Julie 1944.
    - 'n Stelsel van vaste wisselkoerse word opgestel en bestuur deur 'n reeks nuutgeskepte internasionale instellings wat die Amerikaanse dollar ('n goue standaardgeldeenheid vir sentrale banke) as reserwegeldeenheid gebruik.
- Stig die Wêreldbank en Internasionale Monetêre Fonds.
- **Internasionale Monetêre Fonds (IMF)** in 1944 tot stand gebring – Hoofkantoor in Washington DC.
  - Poog om globale finansiële aktiwiteite te reguleer.
  - Monitor wisselkoerse en poog om tariewe stabiel te hou.
  - Stel lenings aan regerings beskikbaar om skuld te hanteer in ruil daarvoor dat lande kapitalistiese ekonomiese beleide aanvaar wat Westerse lande en multinasionale korporasies (MNC) bevoordeel.
  - IMF gebruik **Strukturele Aanpassingsprogramme (SAP'e)** as 'n voorwaarde vir lenings
    - Besnoei staatsbesteding – gewoonlik op onderwys en gesondheid gemik – impak op skoolopleiding en gehalte van onderrig, sowel as verlaagde kwaliteit van hospitaalsorg en verhoogde afhanklikheid van buitelandse hulp.
    - Verminder staatsdienswerkers – lei tot werkloosheid.
    - Privatiseer staatsbeheerde nywerhede en ondernemings – verlies aan inkomste vir die staat.
    - Verhoog uitvoerproduksie – beïnvloed plaaslike vervaardiging en boerderybedryf.
    - Laer tariewe vir Westerse lande en multi-nasionale korporasies (MNK'e), verlies aan inkomste vir die staat en afhanklikheid van die Weste.
    - Implementering van demokratiese beginsels soos verkiesings en grondwetlike ontwikkelings – gewoonlik oppervlakkig en met onbeduidende impak.
    - Stel maatreëls in om korrupsie en finansiële wanbestuur te teiken.

IEB Copyright © 2023

- **Wêreldbank** in 1944 tot stand gebring.
  - Opgestel om te help met heropbou na die Tweede Wêreldoorlog – hoofkwartier in Washington DC.
  - Gebruik beleggings van ryk lande om projekte in ontwikkelende lande te finansier deur langtermyn-laerente-lenings, bv. hidro-elektriese damme, vervoernetwerke en ander infrastruktuurprojekte.
  - *Oorheers deur die VSA en ander ontwikkelde Westerse lande – hervormings van stemprosedures in 2016, maar VSA het steeds vetoreg.*
  - *Kritiek op steun vir diktature.*
  - *Bouprojekte hoofsaaklik aan MNK's toegeken – plaaslike kontrakteurs geïgnoreer – projekte lei tot massa-uitsettings en gedwonge verskuiwing vir infrastruktuurprojekte met geen toegang vir gemeenskappe nie – omgewingsimpak van projekte*
- **Wêreldhandelorganisasie (WHO)** in 1995 gestig, maar in 1947 gestig as Algemene Ooreenkoms oor Handel en Tariewe (GATT).
  - Opgestel om vrye handel tussen lande te bevorder en tariefversperrings te verminder wat handel in vervaardigde en landbougoedere belemmer.
  - Bevorder vrye handel in alle dienste en goedere.
  - Lidlande hou by beslissings en verander plaaslike wette om dit te doen.
  - *Oorheers deur G8 – besprekings later uitgebrei na ontwikkelende nasies van die "Suide", d.w.s. G20 – voorkeurtariewe vir Westerse multinasionale organisasies hou geen voordeel vir ontwikkelende lande se ekonomieë in nie – lei tot ineenstorting van plaaslike nywerheid weens verhoogde goedkoper invoer – "begunstigde nasie-beginsel".*
  - *Voorkom diversifikasie van ekonomieë in ontwikkelende lande.*
  - *Vrye handel ignoreer maatskaplike en kulturele faktore – maak die oorheersing deur MNK's moontlik, wat kulturele diversiteit verminder en neig om plaaslike nywerhede en firmas te oorweldig.*
- **BRICS**
  - Ontwikkeling van die ekonomieë van die "suide" – ontwikkeling van kapitalisme sonder oorheersing van Westerse kapitalistiese organisasies en vryhandelsbeleide – regeringsteun vir plaaslike besigheid/plaaslike tradisies/bestuurspraktyke volge-hou/vermy IMF-lenings en dus SAP'e.
  - Toenemende uitdagings teen die oorheersing van IMF/Wêreldbank/WHO deur ontwikkelende lande
    - 2009-vergadering van ministers van buitelandse sake van Brasilië, Rusland, Indië en China om *hervormings van globale finansiële instellings te bespreek en groter seggenskap vir ontwikkelende nasies in globale besluitneming te verkry*.
    - Suid-Afrika in 2011 toegelaat.
    - Kollektiewe mag van die voorste ontwikkelende ekonomieë – *verhoog invloed – verteenwoordig die helfte van die wêreldbevolking*.
    - Jaarlikse beraad gehou – politieke en ekonomiese samewerking word aangemoedig – 2012 besprekings oor hoe om IMF te hervorm – lei tot stigting van BRICS Ontwikkelingsbank in 2014 – Hoofkwartier in Sjanghai, China
      - *Beoog om openbare of private projekte te ondersteun deur lenings, waarborge, gelyke deelname en ander finansiële instrumente.*
      - *Stimuleer samewerking met internasionale organisasies en ander finansiële entiteite, en verskaf tegniese bystand vir projekte wat deur die Bank ondersteun word.*

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2023